1921 - 2021 • Laerskool Tzaneen Primary

13 Agatha Street
Tzaneen 0850

Phone: 015 307 3601/2
Fax: 015 307 4656

www.lstzaneen.co.za
info@lstzn.co.za

Geagte ouers / *Dear Parents*

Maandag, 12 April 2021, is al ons leerders vir die eerste keer in meer as 'n jaar terug by die skool. Dit gaan noodgedwonge vir ons almal 'n aanpassing wees, maar dit is broodnodig vir die welstand en akademiese vordering van ons kinders. U as ouer sal ons moet help om die transformasie so glad as moontlik te laat verloop. U sal 'n bietjie meer geduld in die oggend en middag moet hê, want die verkeer rondom die skool gaan meer druk wees. U sal met u kind 'n gesprek moet hê en hulle daarop wys dat hande was/saniteer en dra van maskers nou belangriker as ooit gaan wees. Ons sal dit by die skool aanspreek, maar u as ouer moet ons by die huis ondersteun.

On Monday, 12 April 2021, all our learners return to school after more than a year. All of us will have to adjust, but it is very necessary for our learners' well-being and academic progress. As a parent, you will have to help with the transformation. You will have to be a little more patient in the traffic around the school. You will have to talk to your child and tell them that washing/sanitizing hands and wearing a mask will be even more critical. We will address this at school as well, but you will have to support us as parents.

Akademie/ *Academics*

Daar is nog twee weke voordat die skool op 23 April 2021, om 10:00 sluit. Let wel, leerders sal op hierdie dag (23 April 2021) rapporte ontvang. Maak seker dat u skoolgeld op datum is om onnodige teleurstelling te voorkom. Volgende week vind ons laaste assesserings plaas, maar dit is baie belangrik dat leerders die laaste week skooltoe kom aangesien ons elke geleentheid moet gebruik om te verseker dat ons die kurrikulum dek.

There are two weeks left before school closes on 23 April 2021 at 10:00. Please note that learners will receive progress reports on this day (23 April 2021). Make sure that school fees are up to date to avoid disappointment. Next week is the last week of assessments, but it is essential to come to school in the last week and utilize every moment available to make sure we cover the curriculum.

Buite Kurrikulêr / *Co-curricular*

Met die publikasie van die nuwe direktiewe het die meeste van ons kultuur– en sportaktiwiteite weer afgeskop. Ons mag ook vanaf volgende kwartaal weer teen ander skole deelneem en ook reis. Ons organiseerders is druk besig om vir ons wedstryde te reël, u sal binnekort 'n kwartaalprogram ontvang om datums te bevestig. Neem kennis dat rugbyproewe volgende Dinsdag, 13 April 2021, plaasvind, maak seker dat alle seuns dit bywoon.

With the publication of new directives, most of our culture and sports activities have resumed. We are allowed to travel and play from next term, and our organizers are busy organizing matches. You will receive a term program shortly to confirm dates. Take note that rugby trials will be held next Tuesday, 13 April 2021; make sure all boys attend.

Fondse / *Funds*

Ten einde al ons kinders veilig terug by die skool te kry moes ons heelwat toerusting aankoop. Hierdie toerusting is duur en daarom het ons die R5 projek geloods. Hierdie projek sluit op 23 April 2021 en doen ek 'n beroep op u as ouers om die skool hierin te ondersteun. Ons poog om die uitgawes wat ons aangegaan het hiermee te delg.

To enable all learners to return safely, the school had to procure safety equipment. This equipment is expensive, and that is why we started the R5 fundraising. This project close on 23 April 2021, and I want to encourage our parents to support the school in this regard. We aim to cover our expenses with this project.

W.E. STEENKAMP
Hoof / Principal